

Die vrees van die Here

Die term “vrees” roep by ons negatiewe konnotasies op. In ons koppe is “vrees” gelyk aan “bang wees vir”. Ons vrees baie dinge soos siektes, geweldsmisdaad en die dood. Die byvoeglike naamwoord “vreeslike” gebruik ons om op iets te wys wat ons bang maak, soos ‘n “vreeslike storm”, “vreeslike oorlog”, ens.

In die lig van ons normale verstaan van die woord “vrees” vind ons dit verwarrend as die Bybel oor “die vrees van die Here” praat, soos bv. in Spr. 1:7: *Die vrees van die Here is die beginsel van die kennis*. Beteken dit ons moet vir die Here bang wees? Hoe rym dit met die opdrag dat ons die Here moet liefhê (Deut. 6:5)? Ek kan Hom mos nie liefhê en óók vir Hom bang wees nie?

Die woord vrees kom meer as 400 keer in die Ou Testament alleen voor. Om te verstaan wat die Bybel bedoel, moet ons dus telkens die verband (konteks) waarin dié uitdrukking in die Bybel gebruik word, nagaan. Wanneer ons dít doen, ontdek ons dat ons die Bybelse gebruik van die woord “vrees” in vyf kategorieë kan indeel¹.

1. In die eerste plek gaan dit doodgewoon om die emosie van vrees a.g.v. een of ander bedreiging. Ons vind dit byvoorbeeld in Deut. 5:5, waar die Israeliete se vrees vir die vuur op die berg Sinai beskryf word. In 1 Sam. 7:7 lees ons dat die Israeliete bevrees geword het toe hulle verneem het dat die Filistyne teen hulle opgetrek het. In hierdie voorbeelde beteken die woord “vrees” dat die Israeliete letterlik bang was.
2. In die tweede plek beteken vrees dat ‘n persoon op intellektuele vlak voorsien dat slegte dinge met hom kan gebeur en dit dus vrees. Die klem val in hierdie geval nie soseer op die emosionele reaksie op ‘n bestaande bedreiging nie, maar eerder ‘n verstandelike antisipasie van ‘n negatiewe situasie. In 1 Sam. 21:12-13 lees ons bv. dat Dawid verwag het dat Agis, die Filistynse koning van Gat, hom leed kan aandoen. Daarom het hy hom soos ‘n mal mens gedra. Jakob was ook in Gén. 31:31 bang dat sy skoonpa Laban sy familie van hom sal wegneem.

Die Bybelse opdrag om nie te vrees nie, is op bogenoemde twee gevalle van toepassing. Wanneer Josef vir sy broers sê dat hulle nie moet vrees nie, bedoel hy dat hulle nie bang hoef te wees dat hy hulle leed sal aandoen as vergelding vir hulle optrede teen hom nie.

¹ Vergelyk Bowling, A. (1999). 907 ירא. R. L. Harris, G. L. Archer Jr., & B. K. Waltke (Eds.), *Theological Wordbook of the Old Testament* (electronic ed., p. 399). Chicago: Moody Press.

3. In die derde plek word die woord “vrees” gebruik om ontsag of eerbied aan te dui. ‘n Mens is volgens Lev. 19:3 sodanige vrees of eerbied aan jou ouers verskuldig. Israel moes ook sodanige eerbied vir die Here se heiligdom, d.w.s. die tabernakel, gehad het (Lev. 26:2). In die meeste gevalle gaan dit egter om eerbied vir die Here hê, soos in Ps. 112:1. Trouens, navorsers het bevind dat in omtrent 80% van die gevalle die objek van die vrees God² is. Hierdie vrees is ‘n reaksie op sy verlossingsdade: *Vrees net die Here en dien Hom getrou met julle hele hart; want kyk watter groot dinge Hy by julle gedoen het* (1 Sam. 12:24). Die primêre verlossingsdaad van die Here in die Ou Testament is natuurlik die redding by die Rooi See. In Ex. 14:31 staan daar: *Ook het Israel die magtige daad gesien wat die HERE aan die Egiptenaars verrig het. Toe het die volk die HERE gevrees en geglo in die HERE en Moses, sy kneg.* Israel het op grond van God se Selfopenbaring in sy magtige daade ‘n heilige ontsag en respek vir Hom gehad.

Die Nuwe Testament, wat soveel klem lê op God se liefde en vergewensgesindheid, bevestig ook hierdie heilige ontsag vir God. In 1 Kor. 5:10 wys Paulus op die feit dat daar ‘n dag van oordeel kom wanneer ons

almal voor die regterstoel van Christus moet verskyn om ooreenkomstig ons daade vergelding te ontvang. Dan vervolg hy: *Omdat ons dan die vrees van die Here ken, probeer ons om mense te oortuig* (1 Kor. 5:11). Omdat God ontsagwekkend is en elke mens tot verantwoording gaan roep, beywer Paulus hom om mense tot geloof in Christus te bring sodat hulle nie veroordeel sal word nie.

Die heilige ontsag vir die Here bevat egter ook ‘n element van vertroue. God het Hom as die Almagtige openbaar wat sy mag aanwend om sy volk te verlos en te beskerm. Hulle kan Hom dus met hulle hele hart vertrou.

4. ‘n Vierde betekenis van die woord “vrees” het met godvrugtige of vroom optrede te doen. In meer as een Bybelgedeelte het vrees bykans ‘n sinoniem vir die regte optrede geword. Dink bv. aan Lev. 19:14: *Jy mag ‘n dowe nie vloek nie, en voor die blinde geen struikelblok lê nie; maar jy moet jou God vrees.* Miskien het die noue verbintenis tussen vrees en ‘n opregte lewe te doen met die feit dat vrees die motivering vir ‘n vroom lewe is.

Hierdie soort vrees is iets wat geleer kan word deur die wet van die Here te lees. Deut. 4:10 wys daarop: *Die Here het Moses opdrag gegee om die volk te vergader en Ek sal hulle my woorde laat hoor, dat hulle kan leer om My te vrees al die dae wat hulle op die aarde lewe, en dit aan hulle kinders kan leer.* In Deut. 31:11-12 het die Here ‘n

² VanGemmeren, WA (Ed) 1997. New International Dictionary of Old Testament Theology & Exegesis. (p. 527). Grand Rapids: Zondervan.

voorskrif gegee dat die hele volk van Israel elke sewe jaar bymekaar moet kom om na die voorlesing van die wet te luister *dat hulle kan hoor en dat hulle kan leer om die Here julle God te vrees en sorgvuldig al die woorde van hierdie wet te hou.*

Ook in die Nuwe Testament word 'n verband tussen die vrees van die Here en 'n godvrugtige lewe getrek: *Terwyl ons dan hierdie beloftes het, geliefdes, laat ons ons van alle besoedeling van die vlees en die gees reinig, en laat ons die heiligmaking in die vrees van God volbring* (1 Kor. 7:1). Efés. 5:21, wat ons oproep om *aan mekaar onderdanig* (te wees) *in die vrees van die Here*, beklemtoon die feit dat die vrees van die Here sigbaar word in 'n gelowige se houding teenoor sy medegelowiges.

5. Die laaste kategorie van vrees het te doen met Israel se aanbidding van die Here. In dié verband word die woord "vrees" gebruik om op Israel se formele erediens te dui. In Deut. 14:22-23 word Israel opgeroep om elke jaar die hele opbrings van hulle saad in tien dele te verdeel: *En jy moet voor die aangesig van die Here jou God op die plek wat Hy sal uitkies om sy Naam daar te laat woon, die tiendes eet van jou koring, van jou mos en van jou olie en die eersgeborenes van jou beeste en van jou kleinvee, dat jy kan leer om die Here jou God vir altyd te vrees.* In hierdie geval kan "vrees" ook met "aanbid" vertaal word. Israel moes hulle tiendes by die tabernakel en later

die tempel eet sodat hulle kan leer om die Here te aanbid. Vrees in die sin van aanbid kom ook in Deut. 10:12-13 voor: *En nou, Israel, wat eis die HERE jou God van jou as net om die HERE jou God te vrees, in al sy weë te wandel en Hom lief te hê en die HERE jou God te dien met jou hele hart en met jou hele siel om te hou die gebooie van die HERE en sy insettinge wat ek jou vandag beveel, dat dit met jou goed kan gaan?* Uit die gebruik van die woord "vrees" in die konteks van Israel se erediens, is dit duidelik: Om die Here te vrees, is om Hom met ontsag te aanbid. Om die Here te aanbid, was so 'n sentrale saak in die lewe van Israel dat groot dele van die Pentateug net daaraan gewy is.

In die lig van bg. is dit duidelik dat "die vrees van die Here" met die derde tot vyfde kategorieë van vrees te doen het:

- Dit dui in die eerste plek op 'n gesindheid van eerbied en ontsag vir en vertrouwe in die troue Verbondsgod. Hierdie gesindheid bring jou tot 'n diepe aanbidding van Hom.
- Dit dui in die tweede plek op 'n gepaardgaande wilsdaad, naamlik 'n gehoorsame onderwerping aan God se gebooie.

Om die Here te "vrees" beteken dus dat jy Hom en sy karakter erken soos in sy Woord geopenbaar en dat jy daarop reageer met eerbied, vertrouwe, aanbidding, gehoorsaamheid en diens.

Dit is belangrik dat ons sal onthou dat hierdie heilige vrees nie iets is wat die mens vanselfsprekend het nie. Luther het

gesê die natuurlike mens kan God nie op so 'n volmaakte wyse vrees nie. Wat die ongelowige mens het, is 'n vrees vir die Here. Hierdie vrees het sy oorsprong in die paradys, waar die vrees van die Here wat Adam en Eva gehad het in 'n vrees vir die Here verander het. Nadat hulle van die verbode vrug geëet het, het hulle in die tuin vir die Here gaan wegkruip. Toe die Here na hulle geroep het, het Adam geantwoord: *Ek het u geruis gehoor in die tuin en gevrees, want ek is naak; daarom het ek my verberg* (Gén. 3:10). Sedert die sondeval leef die mens in vrees vir God se oordeel. Die goeie nuus is egter dat Christus in ons plek die oordeel gedra het. Daarom hoef ons nie meer bang te wees vir die Here nie, maar kan ons Hom liefhê en gehoorsaam dien.

Dit is in hierdie verband betekenisvol dat die woorde “moenie vrees nie” of “wees nie bevrees nie” so dikwels in verband met die menswording en opstanding van die Here Jesus geuit is. Die engel het met die aankondiging van Jesus se geboorte vir Maria gesê: *Moenie vrees nie, Maria, want jy het genade by God gevind* (Lk. 1:30). Dieselfde woorde het die engel die herders toegeroep: *Moenie vrees nie, want kyk, ek bring julle 'n goeie tyding van groot blydskap ...* (Lk. 2:10). Toe die vroue hulle boeglam geskrik het vir die engele by die oop graf van die Here Jesus, moes hulle hoor: *Moenie verskrik wees nie. Julle soek Jesus die Nasaréner wat gekruisig is. Hy het opgestaan* (Mk. 16:6). Miskien kan ons dit die beste uitdruk deur te sê dat die vrees vir die

Here deur die Here Jesus se verlossingswerk vir die gelowige verander is na die vrees van die Here.

Hierdie “vrees van die Here” staan teenoor ons vrees vir baie dinge, soos die onbekende, siekte en selfs die dood. Ons hoor die woorde van ons Here Jesus in Mt. 10:28: *En moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie; maar vrees Hom liever wat die siel sowel as die liggaam kan verderwe in die hel*. Omdat ek die Here vrees, kan ek in die vertroue leef dat my lewe in sy hande vir ewig veilig is. Geen haar sal van my hoof val sonder sy wil nie. In die lig van al bg. kan ons begryp dat die wysheidsliteratuur van die Ou Testament die vrees van die Here as die beginsel van wysheid en kennis aandui. Dit is eers wanneer jy in 'n verhouding met God lewe dat jy dinge in die regte perspektief begin sien. 'n Bybelse lewens- en wêreldbeskouing met sy gepaardgaande Godvrugtige lewenswandel het sy oorsprong in 'n verhouding met die Here waar sy Selfopenbaring met heilige ontsag begroet word. Die wysheidsliteratuur ken net twee soorte mense: wyses en dwases. Wyse mense ken die Here en gehoorsaam sy gebooe, terwyl die dwases Hom verwerp. Die Bybel stel die mens dus voor 'n duidelike keuse:

- Vrees die Here en leef in wysheid, of
- Kies 'n afgod en leef in dwaasheid.